# VANG VIS OP DROË GROND

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**Tema: ONS GELOOF**

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: Johannes 21:1 - 9

**Joh 21:1 Na hierdie dinge het Jesus weer aan sy dissipels verskyn by die see van Tibérias, en Hy het só verskyn:**
**Joh 21:2 Daar was bymekaar Simon Petrus en Thomas wat Dídimus genoem word, en Natánael van Kana in Galiléa en die seuns van Sebedéüs en twee ander van sy dissipels.**
**Joh 21:3 Simon Petrus sê vir hulle: Ek gaan visvang. Hulle sê vir hom: Ons gaan ook saam met jou. En hulle het uitgegaan en dadelik in die skuit geklim, en in daardie nag het hulle niks gevang nie.**
**Joh 21:4 En toe dit al dag geword het, staan Jesus op die strand; maar die dissipels het nie geweet dat dit Jesus was nie.**
**Joh 21:5 En Jesus sê vir hulle: My kinders, het julle nie iets om te eet nie? Hulle antwoord Hom: Nee.**
**Joh 21:6 En Hy sê vir hulle: Gooi die net aan die regterkant van die skuit, en julle sal kry. Hulle het toe gegooi en deur die menigte van visse was hulle nie meer in staat om dit te trek nie.**
**Joh 21:7 Daarop sê die dissipel—die een vir wie Jesus liefgehad het—aan Petrus: Dit is die Here! En toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is, gord hy sy bo-kleed om—want hy was naak—en werp homself in die see.**
**Joh 21:8 Maar die ander dissipels het met die skuitjie gekom en die net met die visse gesleep; want hulle was nie ver van die land nie, maar omtrent twee honderd el.**
**Joh 21:9 En toe hulle geland het, sien hulle 'n koolvuur op die grond en vis daarop lê, en brood.**

-o0o-

## Hoe sterk is ons geloof in dit wat God vir ons belowe het?

**Gebeurtenis/agtergrond:**
Ons staan daar lanks die see, die omstandighede is alles perfek. Water regte temperatuur, water regte kleur, winde reg, golwe reg, strome reg. Alles is reg, alles is perfek, soos wat dit menslik moontlik kan wees om vis te kan vang, maar ons kry nie 'n byt nie.

Terwyl ek daar staan en praat met die Here, vra ek die Here: *"Here wat wil U vandag vir ons uit hierdie situasie leer?"*
En die Here sê vir my: *"Hoe sterk is jou geloof? Ek het alles geskape, Ek het alles gemaak, perfek soos wat dit nou is, maar daar is nie 'n vis wat byt nie. Hoe sterk is jou geloof dat jy sal glo as Ek vir jou gesê het dat as jy nou vis gaan vang, dat jy nou vis sal vang?"*

Dit is baie maklik om te sê ons geloof is sterk, ons glo, want die omstandighede is alles daar. Alles fisies is honderd present in lyn met dit wat die natuurlike vir ons kan bied om 'n vis te vang. Dan is dit baie maklik om te sê *ja Here my geloof is sterk genoeg ek glo ek gaan vandag 'n vis vang*. En na 'n tyd vang jy die vis en glo dan 'n vis is gevang juis as gevolg van jou geloof wat sterk was.

So sit en praat ek met die Here, as alles *normaal* is, is dit baie maklik om geloof te hê. Die volgende oomblik slaan die Here my "six love" en die Here sê vir my: "*Nou goed as jou geloof so sterk en goed is en as jy volle vertroue in My het, as Ek nou vir jou sê trek jou visstok uit, draai jou alles 180° om en gooi daardie stok van jou in die woestyn en jy sal 'n vis vang. Sal jou geloof nog so sterk wees?"* Ek moes bely, *nee Here my geloof sal nie so sterk wees nie*.

-o0o-

**Wat maak my en jou geloof sterk? Waarop bou ons, ons geloof?**

Ons bou ons geloof op die sigbare; ons bou ons geloof op dit wat in hierdie klapperdop van ons weg gebêre is. Alles moet reg wees. Dit is dat ‘n vis swem in water en jy het water nodig om ‘n vis te vang. Dit is in die naturlike ingeskryf, dit is ‘n realiteit. Maar nou kom God en sê jy gaan nou vis vang op die droë grond. Nou slaan die Here jou heeltemaal plat en dan wonder ‘n mens *is hierdie die stem van die Here of is dit nie van die Here af nie*. Dan besef jy wat die Bybel sê: Romeine 10:17 Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God. Ons moet die Woord van God spreek, dan hoor ons die Woord en dan moet ons glo dat die Woord van God tot vervuling sal kom.

Maar die ou vlees is mos altyd daar om so bietjie teenkanting te bring. Ek sê toe vir die Here: “*Here dit sal darem een van die moeilikste dinge wees vir ‘n visserman of enige mens, want ons weet dat jy vis vang in water en dat jy nie vis vang op droë grond nie, dis ‘n realiteit.”* En dan kom die Here en sê vir jou *draai om en gooi die lyn anderkant toe, laat dit daar lê in die woestyn op die droë grond en jy sal ‘n vis vang*.

Ons geloof word baseer op die sigbare en dit is verkeerd, want dan is dit nie geloof nie. Ons wil die sigbare konnekteer aan die geloof, totdat dit vir ons ‘n realiteit word, verstaanbaar raak en dit moet ook vir ons logies klink, dán sal ons glo. Dit is nie wat geloof is nie. Geloof is egter gehoorsaamheid aan die Woord van God, gehoorsaamheid aan die stem van die Here.

As jy daar staan en die Here sê vir jou *draai om, gooi jou lyn na die anderkant die woestyn in, laat dit daar lê en jy sal ‘n visvang,* sal jy dit wel doen? Natuurlik sal al die mense wat daar verby jou ry en daar rondom jou staan, dink jy is so mal soos ‘n haas - hulle het dit van Noag ook gedink. Onthou in Noag se tyd het dit nooit gereën op die aarde nie, die aarde het homself bevog, sê die Bybel. Die mense het nie geweet wat is reën nie en hier kom Noag en sê vir hulle dit gaan reën. Hulle lag vir hom en vra wat is reën. Deur al die honderde en duisende jare wat hulle op die aarde was, onthou hulle het honderde jare oud geword, het hulle nie geweet wat reën was nie en spot met Noag.

**Onwrikbare Geloof**

Noag gooi sy lyn op die droë grond uit, hy wil nou vis vang. Tenspyte van alles het hy in God geglo, dieselfde soos Abraham. Abraham was ‘n ou man en die Here sê vir hom jy sal die vader word van die nasies en hy het in God geglo. En so kan ons deur die hele Bybel gaan. Geloof is nie op sigbare nie, maar op die onsigbare dinge. Dan kom ons by ‘n gedeelte wat die Here vir my gegee het en dit het nou vir my hierdie hele ding, wil amper sê die kersie op die koek geplaas. Ek het ook nou die dag hierdie gedeelte behandel en dit gaan oor Johannes 21. Ek haal net ‘n spesifieke vers of twee aan wat handel oor hoe ons geloof eintlik moet wees.

Petrus-hulle het gaan visgevang maar het niks gekry nie, en dan staan Jesus op die strand en vra vir hulle of hulle vir Hom iets het om te eet, en hulle antwoord Hom ’nee’. Die natuurlike is alles daar, alles is reg, maar hulle vang niks nie. Jesus sê toe vir hulle om die net aan die regterkant te gooi en hulle het so gedoen.

Johannes 21:5 En Jesus sê vir hulle: My kinders, het julle nie iets om te eet nie? Hulle antwoord hom: Nee.
Johannes 21:6 En Hy sê vir hulle: Gooi die net aan die regterkant van die skuit, en julle sal kry. Hulle het toe gegooi en deur die menigte van visse was hulle nie meer in staat om dit te trek nie.
Johannes 21:9 En toe hulle geland het, sien hulle 'n koolvuur op die grond en vis daarop lê, en brood.

My vraag was nou gewees, die Bybel sê nêrens Jesus het visgevang nie. Die Bybel sê Hy het hulle gevra vir iets om te eet en hulle het gesê hulle het niks nie. Toe het Hy vir hulle raad gegee en gesê gooi die net aan die ander kant toe uit en op grond van Sy woord het hulle toe 153 vis gevang. Maar toe hulle aan land kom toe sien hulle hierso by die voete van Jesus is ‘n koolvuur met ‘n vis op en brood.

-o0o-

*Wat het daar gebeur? Wat wil Jesus vir hulle sê?*

As julle geloof so sterk is soos ‘n mosterd saad, sal julle vir hierdie berg sê gaan werp jou in see en dit sal. Geen wonder Jesus het altyd met hulle gepraat en gesê klein gelowiges nie, want die duiwel het Hom versoek en vir Jesus gesê as jy die Seun van God is maak van hierdie klip ‘n brood en dit staan geskrywe. Nou glo ek met my hele hart dat daardie vis wat op die grond gelê het saam met die brood, was eers klippe gewees. Onthou die Woord sê Jesus het niks gedoen voor Hy nie die Vader sien dit doen nie en voor die Vader nie vir Hom gesê wat om te doen nie, Hy was deur die Gees van God gelei.

**Verhouding**

Johannes 21:3 Simon Petrus sê vir hulle: Ek gaan visvang. Hulle sê vir hom: Ons gaan ook saam met jou. En hulle het uitgegaan en dadelik in die skuit geklim, en in daardie nag het hulle niks gevang nie.

Petrus het nie vir hulle gesê kom ons gaan staan op die droë grond en vang vis nie - hulle het see toe gegaan en daar gaan vis gevang. Die natuurlike was ‘n groot faktor in hul lewe, hulle het alles gedoen wat natuurlik reg was, maar sonder resultate. Hier kom Jesus en Jesus doen nou alles teen die natuurlike. En wat maak Hy? Dit is hoekom ek sê, ek glo Christus se geloof en verhouding in die Vader was so sterk toe die Vader vir Hom sê: *Maar hoor hierso verander daardie klippe in ‘n vuur en brood en in vis dat hulle kan sien hoe sterk jou geloof is. Jy het nie die natuurlike nodig nie, jy het nie die fisiese nodig nie, jy het nie eens ‘n see nodig nie, jy het nie ‘n net nodig nie. Jy het niks nodig nie. Jy het net klippe nodig. Verander daardie klippe nou in vuur en in vis en in brood.*

Die dissipels vang vis en kry niks. Hulle is gebaseer op die fisiese, op die sigbare, op die natuurlike elemente, op dit wat hulle ken wat Christus nooit gedoen het nie. Christus het net op een ding gereageer en dit is op die stem van die Vader en op die leiding van die Heilige Gees. En daar is die resultaat - klippe word vuur, brood en vis.

**Bou jou Geloof**

Dit is wat ek en jy moet doen. Wanneer mens hierdie gedeelte lees dan besef jy, Here ons het nog so ver om te gaan, help ons maar net Here, ons kleingelowiges. Help ons net as vleeslike, swakke en elendige mense in ons swakke geloof, sodat ek daar kan staan en U sê vir my *gooi die lyn na die woestyn se kant, laat dit daar lê en jy sal ‘n visvang*, dat ek nie sal twyfel nie, maar dat ek sal doen en dat ek sal glo.

Mense dan moet jou geloof darem sterk wees, maar dink ‘n bietjie wat kan gebeur as dit werklik so is. Die Here sê vir jou, gooi jou lyn in die woestyn en hier trek jy ‘n massiewe groot vis van die grond af uit. God het ‘n klip in ‘n vis verander en jy trek hom uit!

Dit is seker hoekom dit so moeilik vir Thomas was toe hulle vir hom sê Jesus het opgestaan. Vir ‘n dooie mens om op te staan is onmoontlik, dit kan nie wees nie. Dit is seker waarom hy so gereageer het. Dit is waar ek en jy die foute maak. As ons reën wil hê kyk ons na die wolke. Wat het Elía gedoen? Elía het sewe keer sy dienskneg uitgestuur en toe die dienskneg vir hom sê daar is ‘n wolkie so groot soos ‘n man se hand, toe sê hy vir hom, nou moet ons gou maak. Hy het geweet die reën gaan kom want hy het God geglo die reën gaan kom. Wat was die resultaat? Dit reën oor die hele land.

Dit is nie so maklik, nie maar kom ons bou ons geloof op God se Woord alleen, op niks materiëel nie. As jy vandag miskien in ‘n plek sit waar jou geloof voel jy kan nie meer nie, vra die Here om jou te versterk. Sê vir Hom*: “Here ek gooi nou my lyn na die woestyn toe uit want ek glo God het gesê. Dit gaan nie oor die sigbare nie, dit gaan nie oor die natuurlike elemente nie, dit gaan nie oor dit wat in my brein en in my onderbewussyn vas gesteek is nie of dit wat ek geleer het my hele lewe lank nie. Nee Here, op grond van U Woord sal ek dit doen, omdat U so gesê het, sal ek dit doen.”*

Mense kom ons vra die Here om ons geloof te bou, dat ons geloof sal word soos ‘n mosterdsaad, sodat ons in God kan glo.

Mag die Here julle ryklik seën en mag hierdie boodskap in julle harte vassteek.

-o0o-

## Skrifverwysings vermeld in hierdie lesing

**2 Kor 4:18** omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

**Mat 17:20** En Jesus antwoord hulle: Deur julle ongeloof; want, voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het soos 'n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie.

Mat 6:30 As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges?

Mat 8:26 En Hy sê vir hulle: Waarom is julle bang, kleingelowiges? Toe staan Hy op en bestraf die winde en die see, en daar het 'n groot stilte gekom.

Mat 16:8 Maar Jesus het dit opgemerk en vir hulle gesê: Wat redeneer julle onder mekaar, kleingelowiges, dat julle geen brode saamgeneem het nie?

**Mat 4:1** Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel.
Mat 4:2 En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword.
Mat 4:3 En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word.

Mat 4:4 Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.

**Joh 5:19** Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so.

**Joh 20:24** En Thomas wat genoem word Dídimus, een van die twaalf, was nie saam met hulle toe Jesus gekom het nie.
Joh 20:25 Die ander dissipels sê toe vir hom: Ons het die Here gesien! Maar hy het vir hulle gesê: As ek nie in sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie.
Joh 20:26 En agt dae daarna was sy dissipels weer binne, en Thomas saam met hulle. En Jesus het gekom terwyl die deure gesluit was, en het in hul midde gestaan en gesê: Vrede vir julle!
Joh 20:27 Daarna sê Hy vir Thomas: Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig.
Joh 20:28 En Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en my God!

Joh 20:29 Jesus sê vir hom: Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het.

**1 Konings 18:41** Toe sê Elía vir Agab: Trek op, eet en drink, want hoor, die gedruis van die reën!
1 Kon 18:42 En Agab het opgetrek om te eet en te drink; maar Elía het op die top van die Karmel geklim en hom op die grond neergebuig en sy aangesig tussen sy knieë gesteek.
1 Kon 18:43 Daarop sê hy vir sy dienaar: Klim tog op, kyk uit na die see. En hy het opgeklim en uitgekyk en geroep: Daar is niks nie. Toe sê hy: Gaan weer—sewe maal.
1 Kon 18:44 En die sewende maal roep hy: Daar gaan 'n wolkie soos 'n man se hand op uit die see. Toe sê hy: Gaan op, sê vir Agab: Span in en trek af, dat die reën jou nie terughou nie.
1 Kon 18:45 En in 'n oogwink was die hemel swart van wolke en wind, en 'n groot reën het gekom; en Agab het op die wa geklim en weggetrek na Jísreël;

1 Kon 18:46 maar die hand van die HERE was oor Elía, sodat hy sy heupe omgord en voor Agab uit geloop het in die rigting na Jísreël.

-o0o-